

Teksgedeelte:

Miga 3:1-12

Agtergrond en Toepassing:

Sekere leiers van Israel het tot nadeel van die gemeenskap (nasie/volk) opgetree. Miga voorsien dat Jerusalem vernietig sal word as hierdie manier van doen sou voortgaan. Die optrede is gewelddadig teenoor enkelinge in die gemeenskap, maar die effek daarvan is skadelik vir almal. Dit het tot gevolg gehad dat die gemeenskap verdeeld was. As gevolg hiervan is dat die volk later verslaan word deur die Assiriërs en nog later het die Perse met die onderdrukking van die hele volk voortgegaan.

Binne ons samelewing is daar baie verdagmakery en die Kerk word nie hiervan kwytgeskeld nie. Dit is vir ons as gelowiges die uitdaging/geleentheid om die andersheid van God te wys. Hier speel vers 8 'n belangrike rol. Ons andersheid (heiligheid) is 'n konfrontasie teenoor die norm van onreg, geweld en onderdrukking. Waar God se almag, genade, hoop en deernis na vore kom is dit soos 'n hartslied wat deur die kinders van God gesing word – aansteeklik en inspirerend.

Aktiwiteit:

Tydens die erediens gaan 'n uittreksel uit *As it is in heaven* gespeel word, na afloop van die erediens word 'n gedeelte uit *Happy feet* gespeel. Mumble staan uit want hy kan nie sing soos die ander pikkewyne nie, hy kan wel dans! Al word hy deur ander pikkewyne gespot is dit op die ou einde sy gedansery wat mense se aandag trek en sy familie red.

Reviewing:

Diamante:

- Wat het Mumble anders as die ander pikkewyne gemaak?
- Hoe het Mumble sy vriende en familie gered?

Harte:

- Hoe het dit vir Mumble gevoel om anders te wees?
- Wie het nog soos Mumble gevoel?
- Wat het dit vir Mumble beteken om sy mense te red?

Skoppens:

- Wat maak dit moeilik om anders te wees?
- Wat is die “anderste boodskap” wat ons aan mense bring?
- Hoe was Miga anders gewees?

Klawers:

- Hoe kan ons gemeente vir mense wys dat ons anders is?
- Wat sal hierdie andersheid aan mense doen.
- Hoekom moet ons aan mense wys dat ons anders is?